# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Om te leer om in God se plan te leef.

# Votum



# Seëngroet






Lied 280: 1
Here, Redder,
groot en magtig,
U oorskou ons lewenspad.
In u liefde en genade
het U ook ons hand kom vat.



# L 280:1 (vervolg)

Heer, u leiding bring bevryding

U het ook my hand kom vat.

U het ook my hand kom vat.

# L 280:2

U, my Redder, groot en magtig,
U het my ook raakgesien.
Ek is feilbaar, swak, onseker,
tog wil ek U dankbaar dien.



# L 280:2 (vervolg)


God, my Here – u is Here!

Vas kan ek op U vertrou,

vas kan ek op U vertrou.

# L 280:3

**Lei my, Heer, na dié bestemming**
**in u Woord my opgedra.**
**Laat my leef en werk met vreugde**
**want dit sal volharding vra.**


L 280:3 (vervolg)
Heer, u lyding bring bevryding:
Al ons skuld het U gedra,
al ons skuld het U gedra.

# Lukas 11:1-4




Volgende Sondag begin ons 'n reeks:
Jesus kom wys God se plan vir die lewe
Maar eers moet ons leer hoe om bewus te wees en te leef in en volgens God se plan

Ons  Vader,
aan die begin van hierdie nuwe jaar kom ons nie met ons eie planne nie, maar met oop harte.
Leer ons bid soos Jesus ons geleer het —

- om U Naam te heilig,
- U koninkryk te soek,
- en elke dag afhanklik van U te leef.

Maak ons stil voor U Woord, sodat ons nie net hoor nie, maar gehoorsaam leef.
In Jesus se Naam.
Amen.

# Lukas 11:1-4



1. Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: “*Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het.*”

2. En Hy sê vir hulle: “*Wanneer julle bid, sê dan:*

*“Vader, laat u Naam geheilig word;*

*laat u koninkryk kom.*

*3. Gee ons elke dag ons daaglikse brood;*

*4. en vergeef ons ons sondes,*

*want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree;*

*en laat ons nie in versoeking kom nie.”*


Om te leer om
in God se plan te leef

# Het jy dit al beleef:

- Jy sit in 'n trein…
- Dit voel asof jou trein begin beweeg
- Jy dink: "Hier gaan ons!"
- Jy's oppad om droom waar te maak

# ’n Optiese illusie…

’n Paar sekondes later besef jy:

- Dit is nie jou trein wat beweeg
- Dis die trein langsaan wat beweeg
- Jou “beweging” was oëverblindery
- Jy staan eintlik doodstil



# Begin van ’n nuwe jaar is daar baie

- Planne
- Prioriteite
- Doelwitte
- Besluite
- Drome

Dit voel of jou lewenstrein in beweging kom

# Min mense begin ‘n nuwe jaar deur te vra:

## *" Here, wat is Ú plan vir my lewe en hoe leef ek daarin?"*

Ons sê maklik: *“Daar gaan ons!” op ons persoonlike doelwit-pad, maar op ons geloofsreis staan ons dikwels bot stil.*

# **In ons teks** sien die dissipels Jesus bid

Hulle vra nie:

- *" Here, leer ons preek! "* of
- *" Here, leer ons wonderwerke doen!"*

***Hulle vra: "Here, leer ons bid." (1)***

# Wat sien die dissipels?

- Hulle sien 'n konneksie – gebed & lewe, innerlike vrede, doelgerigte vasberade optede
- Sy krag vloei uit gebed
- Sy rigting vloei uit gebed
- Sy gehoorsaamheid vloei uit gebed

Sleutel:

Gebed:

- is nie net uiterlike rituele nie
- is nie die manier waarop ons God in ons plan innooi nie,
- maar hoe God ons in sý plan innooi.

# Agtergrond:

## Lukas beklemtoon:

Jesus is ʼn man van gebed (1 van 9 kere in Lukas)

**Voor groot oomblikke bid Jesus:**

- Sy bediening (bv. by sy doop)
- Belangrike keuses (bv. kies van dissipels)
- Deurbrake vir die Koninkryk (Terugkeer v70)

# Wat leer Jesus ons oor gebed?

## 1. Gebed begin by God – nie by ons nie

*" Vader laat U Naam geheilig word..."(11:2a)*

**Dit begin nie met my noodlysie nie – egoïsties, selfgerig –** Voorbeeld van Marinetta en Essie

**Dit begin wel met:**

- Wie God is
- Sy eer
- Sy heiligheid


# Om God se Naam te heilig beteken:

- Ek erken Hy is God
- Ek is nie

Dit is my **oriëntasiepunt** - bewuswording & teenw.

# Om in God se plan te leef leer gebed ons -

- Wie ek is en wie God is
- Dit gaan in hierdie lewe nie om my nie, maar oor Hom
- Sy eer en heiligheid is NB
- Om God sy **ereplek** terug te gee en my lewe om Hom te oriënteer


Hoe verander dit ons houding en benadering tot die lewe?

# Wat leer Jesus ons oor gebed?

## 2. God se koninkryk

*"Laat u koninkryk kom…"* (11:2b)

**Nie ’n passiewe wens nie**
**’n Aktiewe oorgawe:**

*"Here, laat Ú heerskappy sigbaar word in my lewe"*


(Ek leef bewustelik dat hierdie sy wêreld is waar Hy regeer.)

# Om God se koninkryk te laat kom beteken:

- Om die wêreld deur God se oë te sien hoe dit kan lyk
- God nooi ons in om deel te wees van **sy** plan in **sy** wêreld
- Om met moed deel te neem aan dit waarmee Jesus besig is

# Om in God se plan te leef vra gebed:

- nie net wat ek wil doen nie – “ontkyk”
- maar wat God wil doen en besig is om te doen – oog inoefen
- hoe skakel Hy my daarby in


Hoe leef ek:
• in my huis?
• by my werk?
• tussen vriende?
• in my keuses?

# Wat leer Jesus ons oor gebed?

## 3. Daaglikse afhanklikheid

"*Gee ons elke dag ons daaglikse brood*" (11:3)

## Nie voorsiening vir tien jaar vooruit nie

- Daaglikse vertroue
- Daaglikse afhanklikheid

# Om te vra vir daaglikse brood beteken:

- God wil voorsien in my basiese noodsaaklike behoeftes (brood)
- Wat ek vir myself vra, moet ek vir ander gun (ons)
- Te veel kanselleer afhanklikheid (elke dag)

# Om in God se plan te leef herinner gebed ons:

Ek leef nie uit my eie vermoë nie, maar uit God se sorg



# Leef ek angstig of vertrouend, Onafhanklik of Godvertrouend

# Wat leer Jesus ons oor gebed?

## 4. Gebed vorm verhoudings – met God en mense

“Vergeef ons… want ons vergewe ook…”(11:4)

**Gebed en vergifnis is onafskeidbaar**

**Jy kan nie:**

- God se genade ontvang
- en dit vir ander terughou nie

# Om vergifnis te vra en te gee beteken:

- God wil ons help **om nuut te begin** en **tweede kanse te gee**
  – sagte harte, in ander se skoene
- Sonde-erkenning, berou en gebrokenheid is die enigste **plek waar hartsvernuwing en lewensverandering begin**

**Om in God se plan te leef verander gebed ons**

skuld, selfregverdiging, genadeloosheid en maak van my iemand wat genadig, versoenend en helend lewe


Is daar dinge
wat ek moet los?
Is daar mense wat ek
moet vergewe?
Is ek ‘n veilige hawe
van nuwe hoop?

## *Samevatting*

***Gebed is nie***

- ’n noodhulplyn vir krisisse nie

***Gebed is:***

- Die manier waarop God ons vorm om binne sý plan te leef

**Volgende Sondag begin ons ʼn reeks:**

**Jesus kom wys God se plan vir die lewe**

**Maar om in God se plan te lewe is heroriëntering en vorming elke dag noodsaaklik!**


Gebed is God se
uitnodiging en vorming
aan ons om daagliks aan
sy plan deel te neem en in
sy plan te leef


Om te leer om
in God se plan te leef

# ’n Optiese illusie…

Is jy op God se trein of dink jy maar
net dat jy beweeg (groei),
maar staan eintlik bot stil?

God nooi jou uit om op sy trein te klim
Hier gaan ons!

# *Gebed*

*Here, leer ons bid.*

*Leer ons om U Naam te eer,*

*U koninkryk te soek*

*elke dag afhanklik van U te leef.*

en om genade te ontvang en te gee, Amen

# Lied 528: 1

Leer my u wil, Heer,

u doel met my -

U, Pottebakker, met my, die klei.

Vorm my en maak my volgens u wil;

op U vertrou ek, nederig stil.

# L 528:2

Leer my u wil, Heer,

u plan vir my;

laat ek nie doelloos, nutteloos bly.

Hou my erkentlik, Heer, in u werk:

As ek dan swak is,

maak U my sterk.

# L 528:3

U gee u gawes
net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral
nuttig gebruik.


Seën



# Lied 313

Ander melodie

**Amen,**

**Amen, Amen.**


Om te leer om
in God se plan te leef